

**Maandag 8 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:1-9**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 1:1, 2; HK Sondag 21, Vraag 54**

### **Die heiligheid van die kerk**

'n Ander kenmerk van die kerk is sy heiligheid. *Heilig* beteken volgens woordeboeke: volmaak, sonder sonde, vroom en rein. Geen kerk of selfs enige enkele lidmaat kan op sigself in waarheid met een van die woorde beskryf word nie. Trouens, in een van die woordeboeke kom die sin voor: “Hulle is nie almal heilig wat baie kerk toe gaan nie.”

As daar egter in die Skrif van die heiligheid van die kerk gepraat word, word daarmee nie bedoel dat gelowiges in hulleself sonder sonde is nie, maar dat die heiligheid wat Christus vir hulle verwerf het, deur God aan hulle geskenk word. Ons sien dit baie duidelik in 1 Korintiërs. Paulus begin sy brief deur die lesers in Korinte “geheiliges in Christus” en “geroepe heiliges” te noem. In die res van sy brief toon hy dat gruwelike sondes in die kerk voorgekom het, naamlik verdeeldheid, hoogmoed, owerspel, bloedskanie, wanorde, liefdeloosheid en dergelike sake. Ondanks al die onheilighede noem Paulus hulle egter tog “heiliges”. Dit toon dat hy met heilig iets meer bedoel as die gesindheid van mense.

Met die heiligheid van die kerk word nie primêr bedoel wat *mense* is en doen nie, maar wat die *Drie-enige God* vir hulle en aan hulle doen. Volgens die Skrif is die heiligheid van die kerk te danke *eerstens* aan God se uitverkiesing van en verbond met sy volk, *tweedens* aan die soenverdienste van Christus en die verlossing van sonde wat Hy bewerk het, en *derdens* aan die heiligende werking van die Heilige Gees (1 Pet. 1:2; 2:9, 10; Ef. 2:20, 21; 5:25-27). Op hierdie wyse het God van sy volk 'n heilige kerk gemaak, 'n tempel van God wat heilig is (1 Kor. 3:17).

Hierdie saak het egter ook 'n ander kant. Die feit dat God uit genade van gelowiges heiliges gemaak het, plaas nou op hulle die gewigtige roeping om daadwerklik alle sonde te vermy en soos heiliges volgens die wil van God te lewe. Hulle moet dus al hoe meer word wat hulle in beginsel deur God se genade reeds is. Petrus skryf aan die gelowiges: “Soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan geskrywe: ‘Wees heilig, want Ek is heilig’” (1 Pet. 1:14-16).

Die gelowiges moet dus deur hulle optrede toon dat hoewel hulle in die wêreld is, hulle nie van die wêreld is nie (Joh. 17:14-17). As hulle dit nie doen nie, word hulle wêreldgelykvormig en verloën hulle die heiligheid wat hulle in Christus het (vgl. Rom. 12:2). Dan gaan daar ook geen getuienis tot eer van God van hulle uit nie.